



INPUT FROM THE CHAIR

2017 is rushing towards the end. If there is one fact that we can believe, it is that time doesn't wait for anybody or anything. As chairperson I would like to make use of this opportunity to thank all club leaders for their dedication towards Land Service despite all their other responsibilities.

A special word of appreciation to all for acting promptly on all correspondence. We are having just more than 800 registered members for this year. Unfortunately Newton Primary did not register, but the good news is that Gill Primary in Somerset East is in the process of starting a new club. This should have a positive influence on our primary school numbers.

Ek glo en vertrou almal het heerlik vakansie gehou en is uitgerus vir die uitdagings van die derde kwartaal. Ek herinner u vriendelik tog dringend om moeite te doen met die 'Colour Run" asook met die verkoop van die bufferplakkers. Die streekfondse kan hierdeur versterk word en dit vir ons makliker maak om die vervoer na Nasionaal te subsideer.

Klubs word ook versoek om voort te gaan om fotos asook kort beriggies van al hulle aktiwiteite aan Mimi te e-pos.

I

N

D

A

B

A

2

Julie
2017

STREEKKAMP 2017

Ons eerste Streekkamp in Julie was 'n reuse sukses. Daar het 162 lede asook 24 volwassenes gekamp. Al die klubs was verteenwoordig. Volgens voorlopige terugvoering het almal die kamp terdeë geniet en het lede beslis waarde vir geld gekry. Baie dankie aan al die volwassenes vir hul bywoning en ondersteuning tydens die kamp.

The accommodation, program activities and meals was of a high standard. The good manners of our kids needs to be mentioned. It is really a pleasure to work with quality kids from all our clubs.

Also a special word of thanks to Helmut and Andalien from Framesby for the major role they played in planning and presenting the camp.

We managed to select our national representatives to the 3 camps and clubs will receive correspondence in this regard at the beginning of the 3rd term. Any adult that is available to accompany the members to the National camps must please contact me as a matter of urgency.

Klubnuus


Laer Volkskool



Hulle het Moedersdagkaartjies gemaak met houtstokkies wat ons geverf en aanmekaar geplak het. Daarna het hulle dit met krale versier en elk het sy eie boodskap vir hulle Mamma's geskryf

Laer Volkskool het hulle eerste kwartaal afgesluit met 'n pretgala. Almal was ingedeel in spanne en het 'n aflos gehou met allerhande pret-items.

Volkskool het 'n besoek afgelê aan die plaas nabij Walwas waar visse – spesifiek babers – geteel word. Baie intressante inligting is met ons gedeel, bv. dat hulle ongeveer 50 ton vis per maand uitvoer, dat babers kieu en longe het en dat een wyfie vis 60 000 eiers elke 6 maande kan lewer. Beslis die moeite werd om te gaan besoek.



Volkskool



Hoër Volkskool se Nasionale Landsdiens kampers is by hul kultuur-aand vereer.

HVS WOON PROVINSIALE LANDSDIENSKAMP BY

Tydens die afgelope Junievakansie het 'n groep Hoër Volkskool Landsdienslede die provinsiale kamp, saam met al die ander takke in die Oos-Kaap, by Mentorskraal te Jeffreysbaai bygewoon.

Tydens elke kamp word die vier Landsdiens liefdes sigbaar uitgeleef terwyl daar aan verskillende opwindende aktiwiteite deelgeneem word. 'n Liefde vir die natuur is beleef tydens 'n staptog tot op die kruin van Lady Slipper. Die verwoesting wat die brande aan die omgewing aangerig het, is eerstehands gesien, maar daarmee saam ook die wonder van die natuur wat positief reageer op 'n paar druppels water. Tydens hierdie staptog moes baie kampers hul vrees vir hoogtes oorkom toe daaroor die baie hoe treinbrug by Van Stadens gestap moes word.

Uitstappies is onderneem na die Volkswagen Museum, die Nelson Mandela Stadion, 'n brandeplank- en skulpie museum, die NSRI en Kragga Kamma Wildpark. Op die strand is daar meer geleer oor seediere en 'n gasspreker het lede ingelig oor die gevare wat windplase vir die voëllewe inhou.

Handwerk aktiwiteite is altyd deel van 'n Landsdienskamp. Tydens kampe word daar altyd gefokus op 'n aktiwiteite wat vaardighede vereis wat moontlik tot 'n winsgewende ondernemig of stokperdie kan ontwikkel. Tydens 'n lofprysingsgeleentheid saam met lede van die plaaslike VCSV, het lede ook die geleentheid gekry om hul liefde vir ons Skepper uit te leef.

Landsdienskampe bied aan lede die geleentheid om basiese lewensvaardighede te ontwikkel. Lede van verskeie klubs word in groepe verdeel en sodoende word groeplede verplig om nuwe mense te ontmoet en aan te pas by vreemde omstandighede en 'n bydrae te lewer tot die sukses van die groep wanneer daar aan aktiwiteite, wat dikwels in 'n kompetisie atmosfeer plaasvind, deelgeneem word.

Volgens tradisie word die name van die lede wat verkies is om die provinsie by die nasionale kamp te verteenwoordig tydens 'n gesamentlike vergadering aangekondig. Hoër Volkskool is bevoordeel om goed verteenwoordig te word deur die volgende lede wat gedurende Desember in Kwa-Zulu Natal aan die nasionale kamp sal deelneem: Juniors: Megan Nel (leier), Fransene Joubert, Labre Oosthuizen, Amore Cronje, Mia du Plessis, Emile Blignaut en Theodor Dorfling. Seniors: Ischke Krouwkam en Judy van Heerden.



Hoëskool Framesby

Ons plant blomme!



Laerskool Burgersdorp

Blikkies se Landsdienslede het met groot ywer op Maandag 26 Junie 'n reuse markdag gehou. 'n Verskeidenheid aktiwiteite en produkte het leerders besig en aan die smul gehou.





Laerskool Burgersdorp se Lansdieners is besig met voorbereiding vir hulle groentetuin.



Hulle maak sleutelhouers vir Moedersdag. Elkeen moes sy eie hout sleutelhouer verf en hom aansit.

Laerskool Burgersdorp se Lansdiens kamp by die skool.



Laerskool Burgersdorp se Lansdiens hou 'n Hamburger verkoping.

Die jaar se Landsdiens tema is: Water is lewe. Ons het dit toe goed gedink om die jaar ons eie groentetuin te begin.

Maar ons sou eers fondse bymekaar moes maak om die projek 'n sukses te maak. Ons het toe besluit om hamburgers te verkoop.

Maandag 6 Februarie het ons om 3uur begin. Die lede van Gr.4 tot 7 het almal gehelp van botter smeer tot sous maak, burgers bou en eet na die tyd. Ons wil graag vir almal wat ons ondersteun het baie dankie sê. Ons wil ook vir Mnr. Fourie , Mnr. Mike, Mnr. Tossie, Juf. Berna, Juf. Daneta, Juf. Rozanne, Juf. Carol en Juf. Sam baie dankie vir hul harde werk en organisering. Dankie ook aan elke ster lid van die Landsdiens. As die jaar so goed begin sien ons baie uit na die res van die jaar.



Newton Technical High School

On Saturday, 22 April, the Land Service Club of Newton Technical High School went to the Addo Wildlife Centre in Addo, where they were able to get “up and personal” with all types of reptiles and raptures. There were also a few cuter farm animals like rabbits, pigs, sheep and buck. The members found it very informative and enjoyable. The day ended with the usual refreshments at a nearby restaurant.



Beaconhurst



We have had a fairly busy term. In brief the activities the Land Service club have had thus far are:

- 1) Orientation meeting and social – 20 January
- 2) Assisting the Iron Man competition by running a refreshment table – 29th January
- 3) Supporting our Derby Day (Cricket) – 10th February
- 4) Running two tables at a Fear Factor afternoon at school. Teams also partook in the event itself (17th February)
- 5) Assisting with the running of the Valentines Day event at the school hall (17th February)
- 6) A group of Land Service members were officials, assisting at the annual Surfers' Marathon (at the finish) – 18th February
- 7) Club hike and camp. 35 learners hiked from Haga-Haga to Chintsa West along the beach (21 kms). Camped at the Rendezvous Caravan Park (25-26th February)
- 8) Bingo afternoon at Langham old age home. Provided scones, cakes, biscuits, muffins, etc. for tea (3 March)
- 9) Visit to and providing food for the SPCA (10 March)
- 10) Will participate in the CANSA walk for Life event at Jan Smuts stadium on Saturday, the 18th of March.



Hoërskool Cradock



CHS se Landsdiens voorsien 100 etes aan werkloses by die kerke se Skuilingsprojek in Cradock.



Hulle roei litjieskaktus uit.



Sportkafee: CHS se Landsdieners het 'n kafee by 'n sportsbyeenkoms gehad om fondse in te samel vir Nasionaal.



CHS
Landsdiens
bak
kolwyntjies
om badkamers
op te gradeer.

Klere vir

Knysna word gratis vervoer deur Cradock Safeway. Hier pak Dirkie kaste uit.



Hoërskool Burgersdorp



Hoërskool Burgerdorp het hulle eie handgemaakte papier gemaak uit ou koerante. Hulle het die papier gebruik om Moedersdag kaartjies te maak. Dit was baie prêt gewees.

Ons het 'n lofsang aand gehou waar ons, ons skepper se naam groot gemaak het. Saam dit het ons koffie en "Hot Chocolate" gedrink om die aandjie af te sluit.



Hoëskool Aliwal-Noord



Hoëskool Aliwal-Noord se Senior Lansdieners het die Juniors geleer dans.



ANHS se Junior Lansdieners maak hangertjies uit fimo-klei uit.



ANHS maak die parkrun roete skoon,



Aliwal-Noord se Junior Lansdieners maak plakate om mense te probeer stop wat Rommel strooi of liever "dump" soos bouommel op die Park Run roete by die rivier.





Vrydag 24 Maart is die lang pad na Somerset Oos aangedurf vir die ANHS Ons Gee Om se jaarlikse klubkamp. Die jaar het die Juniors en Seniors saam gekamp. Skietfontein, Die Lapa is 'n wonderlike kampterrein met goed opgeleide instrukteurs wat die naweekkamp vir elke leerder onvergetelik gemaak het.

Instrukteurs het leerders geleei deur verkskillende aktiwiteite wat hulle op 'n persoonlike vlak uitgedaag het asook die belangrikheid van spanwerk en kommunikasie beaam het. Aktiwitieite het ingesluit: Nagwandelings om die natuur en stilte te waardeer. Hindernisbaan en breinboelie aktiwiteite wat spanwerk en kommunikasie getoets het. Die modder hindernisbaan was vir baie leerders 'n persoonlike uitdaging, dit was nie net fisies uitdagend nie maar het hoogtevrees en entevrees aangespreek. Vir baie was net die idee om in modder rond te rol al klaar 'n groot gril om te oorkom. Leerders kon ook met 'n swaarkaliber geweer skiet en van geweerveiligheid geleer. Die vaardighede is later weer getoets toe daar "paintball" gespeel is. Saterdagmiddagaktiwiteite is afgelsuit met 'n heerlike stokbroodbraai.

Die kamp is deur elke leerders geniet en almal het iets geleer. Elkeen is huistoe met die wete dat hul iets gedoen het wat hul nog nooit gedoen het nie of nooit weer sal doen nie.



Stapkamp

Laerskool Aliwal-Noord

Wanneer dit Landsdiens is by Laerskool Aliwal-Noord, kry ons bestuurslede die geleentheid om die middag met Skriflesing en 'n kort boodskap te open en sodoende word daar elke keer aandag aan **Liefde vir ons Skepper**, gegee. Die junior groep het ook spesiaal gedurende die afgelope kwartaal aandag aan **Liefde vir ons medemens**, gegee, toe hulle Huis van der Horst se senior burgers besoek het. Elke Landsdienslid het 'n boekmerkie en klein sjokoladetjie gehad om 'n oom of tannie se middag op te vrolik. Hierdie uitstappie na al die oupas en oumas, was vir oud en jonk 'n middag vol vreugde, pret en plesier.

Liefde vir arbeid is ook vir elke Landsdiener kosbaar en die senior maats het dit met albei hande aangegryp toe hulle die sypaadjies rondom die Laerskool- en Koshuisterreine skoongemaak het. Nadat Mnr. Delwyn vir almal mooi vertel het watter ongelooflike skade sekere soorte rommel en gemors aan die natuur doen, het almal ingespring en ons omgewing skoongemaak. Ons het byvoorbeeld nie almal geweet hoe lank dit vir sekere rommelprodukte neem om af te breek nie.

Het u byvoorbeeld die volgende geweet? Dit neem vir 'n plastieksak 500 – 1000 jaar om af te breek, vir 'n plastiekbottel, 70 – 450 jaar, sigartestompies neem 12 jaar om af te breek en weggooi babadoek neem 250 – 500 jaar! Die heel skokkendste feit was egter die wete dat iets soos glas, polisterreenhouers en kougom, glad nie bio-afbreekbaar is nie, en dit terwyl navorsing bewys dat die gewildste Rommel-items kitskos weggooi-houers is! Ons Landsdiensmaats het hierna sommer 'n bakkievrag gemors opgetel! Dit het ook ons **Liefde vir die Natuur** verstewig.

By Landsdiens is dit nie net werk nie, maar daar is ook geleentheid om nuwe dinge en veral vaardighede, aan te leer. Soms pak ons 'n **handvaardigheidsprojek** aan wat 'n reuse-sukses is en soms gebeur dit, dat dinge net nie wil uitwerk soos ons dit voorgestel het nie. Hierdie kwartaal was die geleentheid daar om iets spesiaals vir moedersdag te maak. Lets wat seuns én dogters kon doen en boonop 'n nuwe handvaardigheid wat ons maats kon bemeester, naamlik knoop-en-doop. Juffrou Elna het vir almal skinkbordlappies uit ongebleekte linne gemaak, maar die knoop-en-doop-deel wou nie so lekker vlot nie! Net enkele pogings was bruikbaar, maar die maats het nietemin die middag baie geniet en 'n goeie idee gekry van hoe hierdie pret-aktiwiteit in 'n mooi t-hemp of tafeldoek, sou kon ontwikkel.

Verlede kwartaal het die senior Landsdiensmaats 'n **opvoedkundige uitstappie** na Rotondo gehad en in die afgelope kwartaal was dit die juniors se beurt om êrens heen te gaan. Ons het **N6-Paneelklopers** besoek en gesien hoe word 'n motor op 'n laaiwa gelaai. Die maats het ook gesien hoe word 'n beskadigde motor herstel en hoe word sy verfkode bepaal en weer oorgesprei sodat die eindproduk geen teken van enige merke meer gehad het nie. Cody Joubert, een van ons Graad 5 Landsdiensmaats, het die uitstappie as volg beskryf: "Op Maandag, 22 Mei het die Laerskool Aliwal-Noord Landsdieners 'n besoek by die N6-Paneelklopers afgelê. Die leerlinge is na verskillende werkstasies geneem. Met

opgewondenheid het die leerlinge die verskillende werksprosesse aanskou, vanaf die motor-inspeksie, tot daar waar die motor die werkstasie verlaat. Die personeel het elke aktiwiteit aan die leerlinge gedemonstreer, byvoorbeeld hoe deeglike inspeksie gedoen word, hoe bakwerke herstel word, hoe enjins verwyser en/of vervang word, tot hoe motors geverf, geskuur en getoets word. Ons wil die personeel van N6 bedank vir die warm ontvangs en vir die leersame inligtingsessie. Dankie ook vir ons heerlike bederfie!"



Die Laerskool is besonder bevoorreg om 'n baie aktiewe en kundige span **Landsdienssonnies** te hê. Maar ons het onlangs een van ons staatmaker-Landsdiener-juffrouens gegroet. **Juffrou Priscilla was vir 26 jaar deel van Laerskool Aliwal-Noord se landsdiens** en ons het baie groot waardering vir haar bydrae tot die suksesverhaal van Landsdiens by ons skool. Ons het haar gevra watter hoogtepunte het oor die jare vir haar uitgestaan, en haar antwoord was die volgende: "My grootste hoogtepunt by Landsdiens was om deel te kon wees van 'n groep mense wat hul liefde vir God, medemens, natuur en arbeid so uitleef én oordra aan ons jongmense. As jong onderwyseres kon ek onthou hoe baie ons kampe, uitstappies en kennis oor die wêreld rondom ons, geniet het. Een van my kosbaarte herinneringe was een kamp by die bronne, toe ek en Elna so gesukkel het om die braaivleisvure vir die kinders aan te steek! Nog kosbare herinneringe is die kere toe ons die kinders gehelp het om hul eie potjiekos te kook. Kosmaak is my passie en ek sal seker nog lank as die kostannie onthou word! Ek het met groot genot aan alles probeer deelneem en kan baie kosbare Landsdiens-herinneringe en -vriendskappe met my saamneem. Dankie vir die verassingsafskeid van my Landsdienskollegas en die mooi geskenk. Landsdiens sal altyd vir my spesiaal bly."



Springbok Toekenning



Streekskamp

Die eerste week van die Julie vakansie het ons streekskamp gehou in Jeffreysbaai by Mentorskraal se kamp terrein. Dit was baie lekker gewees en dit was 'n vol program.

Ons het onder andere die volgende aktiwiteite gehad. Besoeke is afgelê by die volgende plekke: Nelson Mandela Stadion, Volkswagen fabriek en museum, Surfboard fabriek en museum, Van Stadens trein brug, Skilpiemuseum, Kraggakamma Game Reserve, BayWest Mall, Dolphin Main Beach, handvaardigheid en ons het Lady Slipper gaan uitklim. Dit was alles baie opwindend gewees.

Al die foto's van die kamp sal op Oos-Kaap Landsdiens se Facebook-blad beskikbaar wees. Dankie vir almal wat die kamp bygewoon het.

2017 - NASIONALE KAMPERS/ NATIONAL CAMPERS

Namens die Provinciale bestuur wil ons die volgende lede baie gelukwens met die keuring om die Oos-Kaap tydens die 2017 Nasionale kampe te verteenwoordig. Clubs and parents can really be pride of their kids. It is our wish that all will be able to attend and that it will be a lovely experience.

NAAM & VAN	GR.	KLUB/CLUB	NAME & SURNAME	GR.	KLUB/CLUB
PRIMARY SCHOOL/LAERSKOOL DOGTERS/GIRLS			PRIMARY SCHOOL/LAERSKOOL SEUNS/BOYS		
1. ANNELIE VILJOEN	7	LVS	1. HUGO HAASBROEK	7	BDLS
2. LINELDRI LOURENS	7	BDLS	2. JANCO VAN PLETZEN	7	ANLS
3. ELONY WINK	7	ANLS	3. LLIAM VAN HEERDEN	7	LVS
4. JANA PIETERSE	7	ANLS			
JNR SECONDARY SCHOOL/JNR HOËRSKOOL DOGTERS/GIRLS			JNR SECONDARY SCHOOL/JNR HOËRSKOOL SEUNS/BOYS		
1. MEGAN NEL (LEIER)	9	HVS	1. RICHARD DE SCANDE	9	BDHS
2. MIA DU PLESSIS	8	HVS	2. EMILE BLIGNAUT	9	HVS
3. FRANSENE JOUBERT	9	HVS	3. DNA-LERONA MONARE	9	ANHS
4. LABRÉ DOSTHUIZEN	9	HVS	4. AKHO MAKHOMFANA	9	ANHS
5. ROSELMA VAN DER MERWE	9	CRAD	5. THEODOR DORFLING	9	HVS
6. SHIRI WIESSIE	9	ANHS	6. JAN-HENDRIK ALBERTS	9	ANHS
7. GLENDI VÖRSTER	9	ANHS	7. ANDRÉ SCHOEMAN	9	ANHS
8. JEANETTE MAREE	9	ANHS	8. STEPHAN ODENDAAL	9	ANHS
9. AMORÉ CRONJE	9	HVS			
10. ANZAAN VAN DER WALT	9	ANHS			
11. KARLA BOTHA	9	ANHS			
12. LELANI POSTHUMUS	9	ANHS			
13. BIANCA GILDENHUYSEN	9	CRAD			
SNR SECONDARY SCHOOL/SNR HOËRSKOOL DOGTERS/GIRLS			SNR SECONDARY SCHOOL/SNR HOËRSKOOL SEUNS/BOYS		
1. SHANLEIGH HAVENGA	12	FRAM	1. DANIE NAUDE	11	ANHS
2. ISCHKE KROUWKAM	12	HVS	2. SIYAXOLISA KWIKWI	11	NTHS
3. ASENATHI NTAMO	11	ANHS	3. ASISIPHO KONDLO	12	NTHS
4. HAUMENE GELDENHUIS	11	ANHS	4. KHANYISO MGIJIMA	11	STREL
5. JOANÉ ODENDAAL	11	ANHS	5. JARRYD STEGMAN	11	STREL
6. ASIVE NOHASHE	11	BHURST	6. JC SCHOEMAN	11	ANHS
7. INGA MEYI	11	CRAD	7. MIHAN ODENDAAL	11	ANHS
8. JUDY VAN HEERDEN	12	HVS	8. DEON FOURIE	11	BDHS
9. HANLI LINDVELT	12	FRAM	9. WJ SMIT	10	BDHS
10. TSHIDI SIMON	11	ANHS	10. LITHO DAKISO	11	BHURST
11. TALIA DOSTHUIZEN	11	ANHS			
12. INGE FOURIE	11	ANHS			
13. PAIGE NASS	11	BHURST			

NEEM VERANTWOORDELIKHEID VIR ONS WATERBRONNE



Dr Jo Barnes

Dit is tyd dat ons elkeen verantwoordelikheid neem vir die toenemend swak toestand van ons waterbronne, en dat ons elkeen ons klein deeltjie bydrae om te help met die bewaring daarvan. Dit het nie net 'n invloed op hoeveel water tot ons beskikking is nie, maar ook op die verspreiding van siektes.

Dit was die boodskap van dr Jo Barnes van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe se Afdeling Gemeenskapsgesondheid. Sy was die spreker tydens die derde Waterseminaar van die Universiteit Stellenbosch Waterinstituut, wat tydens die viering van HOOP Week gehou is.

Dr Barnes het in haar praatjie veral gefokus op die impak wat informele nedersettings, swak ontwerpte laekoste-behuisingskemas en die landbousektor het op die vlakke van sanitasie en waterbesoedeling in ons nedersettings, dorpe en riviere.

Sy het gesê groter samewerking tussen die verskillende liggange wat met watergebruik- en bewaring werksaam is, is noodsaaklik.

Daarby kan elke Suid-Afrikaner ook sy of haar deeltjie doen om ons waterhulpbronne te bewaar.

Sy het die volgende wenke voorgestel:


- Spaar water waar moontlik.
- Gebruik omgewingsvriendelike skoonmaakmiddels.
- Herwin huishoudelike afval, of verwijder dit op goedgekeurde maniere.
- Moenie rommel strooi nie.
- Meld alle dreine aan wat verstopt is of oorloop, en volg die stand daarvan op waar moontlik.
- Moenie reënwater of stormwater in riooldreine heranaliseer nie.
- Moenie skadelike chemikalië (soos olie en verf) in 'n drein afgooi nie.
- Herwin slegs jou huishoudelike afvalwater direk na jou tuin as jy dit eers veilig kan behandel.

Liefde vir die Natuur



Liefde vir God ons skepper.

Vul die Bybel blokkies raaisel in:



- Die berg waarop Jesus gekruisig was. DWARS-8
- Abraham se seun se naam. AF-4
- Die vloeistof wat betrokke was in God se eerste wonderwerk. AF-3
- Wat noem ons die 7de dag van die week. AF-5
- Hoeveel dae was Jona in die vis se maag? DWARS-4
- Die land waarheen Josef geneem is om verkoop te word. DWARS-6
- Op watter dag is plante geskep? AF-4
- Moses se pa se naam. DWARS-5
- Die Bybel is verdeel in twee die __ Testament en die Nuwe Testament. AF-2
- Wat het Noag gebou. DWARS-3

Liefde vir Arbeid

Wenke om jou tuin spaarsamig op water te maak:

- Gebruik eerder inheemse plante.
- Moenie te groot plante plant nie, hoe groter die plant hoe meer water gaan hy nodig hê. Doen eers navorsing oor hoe groot die plant raak voordat jy hom plant.
- Pak klippies, dennebolle of boombas om jou plante, dit sal help om daai onkruid weg te hou en jy spaar baie water. Boonop lyk dit nog mooi ook.
- Plant eerder gras gewasse wat minder water gebruik. Soos Bv: Matgras en Tifwolf.
- Hou jou gras bietjie langer in die somer, vir skadu vir die wortels en dit help ook sodat daar minder verdamping kan plaasvind.
- Maak jou plante nat wanneer dit koeler is, vroegoggend is die beste tyd.
- Gebruik reënwater om jou tuin nat te maak. Water kan vasgevang word in 'n tenk, gebruik jou geete om dit op te gaar.

Maak jou eie vetplant tuin:




WENKE:

- Gee water een keer elke sewe tot tien dae.
- Nie alle vetplante het vol son nodig nie.
- Maak seker jou grond is goed gedreineer, maak gebruik van 'n mengsel van sand en ligte kompos met klappe op die bodem van die houers om dit te verseker


ONS IS IN
MPUMALANGA

DIT BETEKEN
DIE PLEK WAAR DIE
SON OPKOM!



Oooo, KYK NET AL DIE GESONDE
WEIVELDE EN ASEMROWENDE
NATUURSKOON!

KOM KOM, ONS IS
OPPAD KRUGER WILDTUIN
TOE




LYK SOOS 'N
MEERKAT!

EK IS
WERINGA!
KOM KAMP
SAAM?

ALBON EK'S BANG!
WATTER DIER IS DIT?

KRUGER

ONS STREEKKAMP IS ALTYD
LEKKER! HET JULL GEWEET DAT
MPUMALANGA LANDSDIENS
AMPER 5000 LEDE
HET?



KAMP?
WAAR?

HOEDSPRUIT

Dis SO RUSTIG HIER - EK WIL
HIER BLY!

ONS KAN NIE! ONS
MOET NOG AL DIE ANDER
PROVINSIES BESOEK.

EK GAAN
SAAM! DAN IS ONS
RAW!
RUNGU, ALBON
EN WERINGA

